



NUUSBRIEF 22/10/2021

ALGEMENE JAARVERGADERING

Kennis geskied hiermee rakende die Algemene Jaarvergadering soos gehou sal word op **28 Oktober** om 18:00 in die personeelkamer. Die doel van die vergadering is die voorlegging van die **Begroting vir 2022**. Indien daar nie 'n kworum teenwoordig is nie, sal 'n opvolgvergadering op 4 November plaasvind.

INHANDIGING VAN HANDBOEKE: GRAAD 8-12

Voordat die toetsreeks begin moet leerders kontroleer dat hulle nog

- al hulle handboeke het, en
- of hulle boeke se lyntjieskodes nog ooreenstem met die kodes op die uitdruk wat hulle aan die begin van die jaar saam met hul boeke ontvang het,
- Indien jy 'n sluitkas gedeel het, maak seker dat jy en jou sluitkasmaat nie mekaar se handboeke het nie.

Indien enige boeke verlore is, moet leerders die verlore boeke reeds **vóór** die toetsreeks betaal en die kwitansie by die Boekstoor kom toon, sodat die boek van sy/haar naam afgehaal kan word.

Graad 8-11 leerders bring elke dag hul handboeke van die vak wat hulle daardie dag skryf, na hul toetslokaal, waar die boeke opgeneem en boekstoor toe gestuur word.

Graad 12-leerders bring elke dag hul handboeke van die vak wat hulle daardie dag skryf, na die Boekstoor of plaas dit in die kas, gemerk GR 12 HANDBOEKE, in die gang by die boekstoor.

Leerders mag nie eers aan die einde van die toetsreeks handboeke ingee nie, want aanvullings vir die nuwe jaar moet gedoen word en handboekpakkies vir die nuwe jaar moet ingelees word.

Indien daar leerders is wat nog handboeke skuld, word hul ouers per sms in kennis gestel. Sulke leerders moet die verlore handboek/e so gou moontlik vervang of betaal, aangesien hulle nie in die nuwe jaar handboeke gaan kry indien hulle nog boeke verskuldig is nie.

Betalings word slegs by die Finansiële kantoor gedoen. Ouers wat 'n aanlynbetaling wil doen, moet asseblief spesifiseer dat dit vir HANDBOEKE is en die leerder se NAAM en VAN moet ook aangedui word. Die bewys van betaling moet dan na boekstoor@wonnies.co.za ge-epos word, sodat die boek van die leerder se naam afgehaal kan word.

Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om toe te sien dat leerders aan die einde van die jaar betyds al hul handboeke inhandig en nie wag tot hulle rapporte/uitslae kom kry om boeke in te handig nie.



FINALE EKSAMEN/TOETSE:

Die laaste toetsreeks is om die draai: Die finale toetsreeks begin reeds op 8 November. Verskeie Wonnies het deur die jaar pragtig presteer en ons sien uit na hul finale uitslae. Daar is egter 'n paar Wonnies wat dalk 'n bietjie benoud is oor dié finale assessering.

Hier volg 'n paar wenke om jou te help:

1. **Werk vir jou 'n studie-rooster uit:** Elke Wonnie het 'n rooster met die toetsdatums ontvang. Tyd is nou ongelooflik belangrik: Dink net – as jy elke dag twee uur per middag aan 'n vak spandeer, het jy binne ses dae, al twaalf uur se leerwerk agter die rug! Dit is eintlik net bietjie leer van bv. 15:00-17:00, elke middag! Sodra die toetse begin, gaan jy dan meer tyd hê en kan twee uur in die oggend en later twee uur in die middag leer! Dit klink mos soos groot pret!
2. **Maak seker jy weet watter werk jy moet ken:** Elke vak het hul eie unieke uitdagings en terme. Maak vir jouself 'n lysie van die terme wat spesifiek aan jou vak verwant is en maak seker jy verstaan wat dié terme beteken.
3. **Som jou werk baie goed op:** Die menslike brein onthou kleur baie beter as net swart/blou en wit. Som dus jou werk op, maar gebruik altyd dieselfde kleur vir bv. jou Hoofopskrifte. Hierna kan jy 'n tweede kleur vir die subopskrifte gebruik en dan ander kleure vir die inligting. So kondisioneer jy jouself om te onthou.
4. **Kyk na jou eie gesondheid:** 'n Persoon wat gesond voel, genoeg rus, gesond eet en genoeg water inneem, kan langer konsentreer as iemand wat ongesond is.
5. **Die moeilike een! Sit jou selfoon weg!** As ons eerlik met mekaar is, is min Wonnies “sterk” genoeg om 'n selfoon wat direk langs hul op 'n tafel lê, te ignoreer. Vat die twee ure en sit die selfoon in die kas – daar waar jy dit glad nie kan sien nie!
6. **Ontspan:** Ja – kan jy dit glo: jy mag ook ontspan, maar... as jy 'n program op TV kyk vir bv. 40 min, dan is dit jou beloning, nadat jy jou leersessie ingesit het! Moet nie vasgevang raak voor die TV of met geselsies op jou selfoon nie! Stel betyds 'n alarm wat jou herinner wanneer jy weer moet begin leer. So forseer jy jouself om by jou rooster te hou.

Wonnies – Mag elkeen van julle hierdie finale eksamen werklik uitmuntend presteer!

JUKSKEI

Die Wonnies het deelgeneem aan die Bondedag, waar daar pragprestasies gelewer is: Die 0/19A span (Meisies) het die eerste plek verower en die 0/19B span (Meisies) die tweede plek. Die Wonnies het ook bygedra tot die sege van Gauteng Noord, wat as algehele wenner van die toernooi aangewys is.



KRIEKET

Die Eerste Span Krieket (Seuns) klop op Saterdag, 16 Oktober, vir die Hoërskool Wagpos met 9 paaltjies. Die Wonnies haal Wagpos uit vir 60 lopies. Hierna slaan die Wonnies 61/1. Brandon van Dyk neem 4 paaltjies; Xander Ludeke neem 3 paaltjies; Hector Masango slaan 32 lopies (nie uit nie) en Divan Schmahl slaan 19 lopies (nie uit nie).

WONDERLIG GROEPPROJEK

Die Wonderlig feesviering vir die Gr. 8-deelnemers was weer die jaar op 'n feestelike wyse gevier.

Die projek bestaan uit 9 sessies wat een maal per week aangebied word:

Sessie 1: Wonder van menswees

Sessie 2: Wonder van liefde

Sessie 3: Wonder van brein en denke

Sessie 4: Wonder van verantwoordelikheid

Sessie 5: Wonder van geloof en vertroue

Sessie 6: Wonder van vergifnis

Sessie 7: Wonder van gesindheid

Sessie 8: Wonder van keuses

Sessie 9: Feesviering



Visie van die projek:

Om emosionele intelligensie onder tieners te verhoog, lewens te verryk en hoop te gee vir die toekoms, ten spyte van enige omstandighede. Dit moet hulle ingesteldheid teenoor die lewe positief beïnvloed, sodat hulle beter keuses kan maak en hulle bemagtig vir 'n beter en gelukkiger toekoms.

TSG BESOEK GRACIA KINDERHUIS



Gracia Kinderhuis: Dankie dat die Wonnies deel van julle lewens kon wees.

Die Hoërskool Wonderboom se Tienerssteungroep (TSG) het met 'n fondsinsameling R27 000.00 ingesamel ten bate van die Gracia Kinderhuis. Met die aksie, wil die Wonnies-steungroep hul leuse van, "Dit is beter om te gee as om te ontvang" ten volle uitleef, want hul voel dat na hulle besoek aan die Gracia Kinderhuis, het hulle self baie meer ontvang as wat hulle gegee het.

GRAAD 12-LOURIERAAND

Baie geluk aan die volgende Top 10-Akademiese presteerders in Graad 12. Hulle is tydens die Lourieraand van 21 Oktober aangewys:



NO.	LEERDER	PERSENTASIE: JAARPUNT
1	Armandt Erasmus	89.93%
2	Charlene Fourie	84.40%
3	Owen Klee	83.63%
4	Elziné Jansen van Noordwyk	83.48%
5	Marijke Kock	83.44%
6	Kaylin Smit	83.33%
7	Larissa van Dyk	82.43%
8	Jana van der Merwe	82.22%
9	Clarinda Nell	80.74%
10	Marjana Breedt	80.00%

SKOOLGELDE

Ouers wat agterstallig is met hul skoolgelde, sal binnekort belangrike kommunikasie ontvang. Ons versoek dié ouers om so gou as moontlik hul rekeninge op datum te kry.

Betaling kan gedoen word by:

Bank: FNB

Tjekrekening no: 62877816789

Takkode: 250655

Gebruik asseblief u kind se skoolgeld-familiekode as verwysing.

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID



**MNR LEZAR
SKOOLHOOF**